# PASTORALE BRIEF

# OKTOBER 2022

NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

## PREDIKER(ii): HOE KAN MENS DIE LEWE VERSTAAN?

"Ek het alles met die hulp van wysheid getoets. Ek wou wysheid bekom, maar dit het buite my bereik gebly. Die betekenis van wat gebeur, lê buite bereik, baie diep; wie kan dit vind?" Prediker 7:23-24

Vandag nog, is Salomo se naam sinoniem met wysheid. Hy is mos die een wat dit van die Here gevra het toe hy nog baie jonk was. En tog leer ons hier iets anders oor hierdie einste Salomo: Selfs hy kon ook nie altyd sin maak uit die goed wat met hom gebeur het nie. Die wysheid het altyd so half buite sy bereik gebly...

Dit laat ons net weer besef dat niemand – nie eens Salomo nie – ooit die wysheid in pag het en alles verstaan nie. Die lewe is inderdaad maar soos Paulus gesê het, soos 'n raaiselagtige beeld in 'n dowwe spieël. En as Salomo daaroor kla, wat moet gewone ouens soos ek en jy nou eintlik sê?

Een ding weet ons, en dis wat Salomo maar eers oor tyd moes leer. En dit is dat ware wysheid alleen by die Bron van wysheid te vinde is. Na alles het die Here self mos vir ons in Jakobus 1 belowe: "As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt."

En dit is die antwoord: as die lewe nie vir jou sin maak nie, en jy verstaan nie wat met jou gebeur, en hoekom dit nodig is nie, vertrou net vir God genoeg om op jou knieë te gaan en vir die Here wysheid te vra. Hy sal natuurlik nie vir jou al die antwoorde klinkklaar gee nie, want ons sal nooit in dié lewe alles verstaan nie. Maar Hy sal jou lei sodat jy weet wat om te doen, en Hy sal sy vrede oor jou giet. Jy kan wysheid vind – soek dit net op die regte plek!